CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# VEILIGE GEBRUIK VAN GRYSWATER

'n Gids oor watter soort gryswater hergebruik kan word en waar en hoe om dit veilig te gebruik.



Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

# Inleiding

Deur water te hergebruik, kan ons water en geld spaar. Tussen 50 en 80% van die water wat binne die huis gebruik word, kan normaalweg as gryswater hergebruik word. Dit hou egter aansienlike gesondheids- en higiënerisiko's in wat goed bestuur moet word aangesien gryswater dikwels skadelike bakterieë/kieme bevat, en die manier waarop die gryswater gebruik word, siektes kan veroorsaak. Volg die raad hieronder om die verskillende soorte gryswater veilig en doeltreffend te gebruik as jy gryswater wil gebruik.

Neem kennis dat hierdie gids van toepassing is op gryswater wat binne 24 uur vir algemene gebruik deur middel van emmers (dus met die hand) in byvoorbeeld formele wonings, besighede, sport- en ander klubs, skole en plekke van aanbidding gebruik word.




As gryswater vir langer as 24 uur gestoor word, moet dit behandel word deur byvoorbeeld filtrering en ontsmetting soos deur 'n kundige persoon aanbeveel.

Hierdie gids is gemik op stedelike verbruikers in droogtetye. Die Stad beveel ook aan dat gebruikers hulle eie veiligheidsmaatreëls moet instel en hul oordeel moet gebruik.

# Wat is gryswater?



**Gryswater is:** onbehandelde afvalwater afkomstig vanuit baddens en storte (waarin die liggaam gewas is). Wasgoedwater uit wasmasjiene of wanneer klere met die hand gewas word, kwalifiseer net as gryswater indien omgewingsvriendelike wasmiddels gebruik is. Gryswater kan die volgende bevat, afhangende van waarvandaan dit kom: bakterieë, patogene, organiese materiaal, olie en vetterigheid, seep- en wasmiddeloorblyfsels, insekdoderoorblyfsels, vuiligheid, pluisstof, natrium, nitrate en fosfate, hoë sout- en pH-vlakke, bleikmiddel, hare en veldeeltjies.

**Gryswater is nie:** toiletwater nie (toiletwater bevat ontlastingstowwe en kieme/patogene) en ook nie water van spa's, jacuzzi's en swembaddens nie. Water van kombuiswasbakke en skottelgoedwassers bevat vetterigheid, vette, olies, bakterieë en voedsel-/ander vaste partikels en moenie hergebruik word nie.

**Die gebruik van gryswater is geheel en al op die verbruiker se risiko** en die Stad kan nie aanspreeklik gehou word vir enige gevolglike skade of verlies wat regstreeks of onregstreeks daaruit voortspruit nie (soos volgens die Stad se Waterverordening).


# Algemene reëls vir gebruik van gryswater

## WAT OM TE DOEN

- Ontsmet jou hande na gebruik
- Gebruik omgewingsvriendelike skoonmaakmiddels en seep waar moontlik
- Om 'n alternatiewe waterstelsel (bv. 'n boorgat) te installeer waar loodgieterwerk gedoen moet word, kyk die voorwaardes vir die veilige en wetlike installering by **www.capetown.go.za/thinkwater** en raadpleeg 'n kundige.

## WAT OM NIE TE DOEN NIE

- Moenie gryswater vir langer as 24 uur stoor nie omdat dit slegte reuke en die opbou van slym veroorsaak en gesondheidsrisiko's inhou. Indien jy gryswater vir langer as 24 uur wil stoor, moet dit gefiltreer, ontsmet en behandel word soos aanbeveel deur 'n kundige
- Moenie gryswater gebruik as enige lid van die huishouding siek is nie
- Moenie water waarin babadoeke gewas is, hergebruik nie
- Moenie toelaat dat kinders en diere met gryswater in aanraking kom nie
- Moet nooit gryswater insluk of inneem nie
- Moenie gryswater met spuitkannetjies spuit nie want dit versprei patogene
- Moenie toelaat dat gryswater uit eiendom afloop en in die stormwaterdrein of in 'n stroom/rivier in loop nie



# Gebruike vir gryswater

| BRON VAN GRYSWATER | MOONTLIKE INHOUD | GEBRUIK |
|---|---|---|
| **'Opwarm'-water:**<br>Koue water uit die kraan of stort terwyl daar gewag word dat die water warm word. Dit is water uit die warmwatersilinder wat gewoonlik koud word in die pype wat na die kraan loop. | Dit is water van goeie gehalte en hou 'n lae risiko in indien dit onmiddellik gebruik word en in skoon, higiëniese houers opgevang word en nie met ander waterbronne gemeng word nie. Dit word nie vir drinkwater aanbeveel nie. As water met die menslike liggaam of potensieel vuil oppervlaktes in aanraking kom, word dit as gryswater beskou. | • Spoel van toilette<br>• Skoonmaak van binnenshuise oppervlaktes<br>• Was van wasgoed<br>• Was van skottelgoed |
| **Stort- en badwater** | Bakterieë, hare, organiese materiaal, veldeeltjies, pluisstof, olie en vetterigheid, seep en skoonmaakmiddels. | • Spoel van toilet (gebruik versigtig)<br>• Was van voertuig (gebruik versigtig)<br>• Natlei van tuin (gebruik versigtig) |
| **Wasgoedwater – van klere met die wasmasjien of hand was**<br>Die spoelwater van 'n wasmasjiensiklus hou die laagste risiko in indien jy dit apart van die algemene water kan opvang. Gebruik dit verkieslik om voertuie mee te was aangesien ander gryswater 'n residu kan vorm. | Vuiligheid, pluisstof, organiese materiaal, olie en vetterigheid, natrium, nitrate en fosfate (van wasmiddels), hoë sout- en pH-vlakke, bleikmiddel. | • Spoel van toilet (gebruik versigtig)<br>• Was van voertuig (gebruik versigtig)<br>• Natlei van tuin (gebruik versigtig) |
| **Water uit 'n handwasbak** | Bakterieë, organiese materiaal, olie en vetterigheid, seep- en skoonmaakmiddeloorblyfsels. | • Spoel van toilet (gebruik versigtig)<br>• Was van voertuig (gebruik versigtig)<br>• Natlei van tuin (gebruik versigtig) |
| **Water waarmee groente en vrugte afgespoel is** | Bakterieë, organiese stowwe, en insekdoderoorblyfsels. | • Spoel van toilet (gebruik versigtig)<br>• Was van voertuig (gebruik versigtig)<br>• Natlei van tuin (gebruik versigtig) |

*Gebruik versigtig – sien "gebruiksvoorwaardes" op bladsy 6.

# Om toilette te spoel, voertuie te was en tuine nat te lei, kyk die gebruiksvoorwaardes hieronder.

| GEBRUIK | GEBRUIKSVOORWAARDES OM RISIKO'S TE VERLAAG |
|---|---|
| <br>Spoel van toilet | • Gebruik 'n skepbeker en gooi gryswater direk in die toilet sonder om te spat en vermy verspreiding van patogene, veral van ontlasting, deur spuitbottels. Hou die toilet en area rondom ontsmet.<br>• As jy skepbekers of emmers gebruik om die toilet met die hand te spoel, moet dit nie in die spoelbak gooi nie aangesien die gryswater tot in die drinkwaterstelsel kan terugvloei en dit kan kontamineer – wat 'n gesondheidsgevaar vir mense op die eiendom, asook ander in die gebied inhou. Selfs al draai jy die afsluitklep/'stopkraan' wat gewoonlik agter die basis van die toilet geleë is, toe, kan dit nie verhoed dat die water terugvloei nie. As jy 'n gryswaterstelsel laat installeer het, moet die drinkwatervoorsiening heeltemal apart van die toilet wees, en moet jy gereeld nagaan of daar lekkasies is aangesien gryswater die klepmeganismes kan verstop. |
| <br>Was van voertuie | • Gebruik gryswater oordeelkundig om voertuie te was aangesien water wat baie seperig is, 'n residu kan agterlaat.<br>• Omgewingsvriendelike skoonmaakmiddels, seep en sjampoe moet in die wasmasjien gebruik word as die water hergebruik wil word. Dit verhoed dat skadelike chemikalieë wat die stelsel kan kontamineer in die stormwater- of oppervlakwaterstelsels beland.<br>• Indien moontlik, was die motor op deurdringbare grond (gras of gruis), weg van enige oppervlakwater sodat die water nie van harde oppervlakke (opritte, pad en sypaadjies) in die stormwaterstelsels afloop nie. Die afloopwater kan olies, vuiligheid en skadelike chemikalieë bevat wat nadelig vir waterstelsels en die omgewing is. |
| <br>Natlei van voedseltuine | • Gebruik verkieslik laerisikowater bv. spoelwater uit die wasmasjien.<br>• Tref voorsorg sodat gryswater nooit in aanraking kom met die bogrondse deel van die vrugte- of groenteplante nie. Lei net die grondwortels nat.<br>• Om direkte kontak met eetbare voedselplante te vermy, gebruik drupbesproeiing met 'n dik deklaag bo-op. Gryswater moet glad nie op blaargroente (bv. spinasie) en wortelgroente (bv. wortels) gebruik word nie.<br>• Spoel vrugte en groente altyd voor voedselvoorbereiding af, en kook wortelgroente eers indien dit met gryswater (ondergronds) natgelei is. Vermy natlei met 'n tuinslang, sproeier of deur middel van misreën. |

Gryswater moet altyd gebruik word om eerstens toilette te spoel, voordat dit vir tuin natlei of motorwas gebruik word. In tye van ernstige watertekort sal sekere vlakke van beperkings nie toelaat dat gryswater vir tuine en/of motorwas gebruik word nie.

| GEBRUIK | GEBRUIKSVOORWAARDES OM RISIKO'S TE VERLAAG |
|---|---|
|  **Natlei van nievoedseltuine (grasperke en plante)** | • Gryswater maak die grond alkalies, laat sout opbou en beskadig die grondgehalte. Sommige plante kan nie in daardie soort grond groei nie. Vra raad by tuinsentrums of kundiges en gebruik oordeelkundig.<br>• Verspei die water oor die tuin heen sodat die grond nie klonte vorm en water nie opdam nie, aangesien dit muskiete lok en grys/groen slymerige kolle veroorsaak.<br>• Moenie binne 48 uur na reënval natlei nie, aangesien die gryswater op die oppervlakte kan opdam as die grond nat is.<br>• Moenie natlei met 'n tuinslang of spuit (of deur middel van 'n misreën) nie om verspreiding en inaseming van kieme in die lug te vermy. Die gebruik van sproeiers word afgeraai, maar indien dit gebruik word, maak seker dat dit 'n lae sproei met groot waterdruppels is. Gebruik liewer drup- of ondergrondse besproeiing met 'n deklaag bo-oor.<br>• Vermy of beperk die gebruik van gryswater in daardie dele van die tuin waar mense en diere kom.<br>• Lei die tuin saans nat om menslike kontak vir 8 ure na die tuin natgelei is, te vermy en verdamping te verminder.<br>• Omgewingsvriendelike skoonmaakmiddels, seep en sjampoe moet in die wasmasjien gebruik word as die water hergebruik gaan word. Hierdie middels het lae konsentrasies fosfor, natrium, boron en chloried en verminder die negatiewe impak op grond, plante en uiteindelik die waterstelsel. Fosfaat is veral gevaarlik vir die omgewing.<br>• Spoelwater uit die wasmasjien (indien dit nie vir die volgende wassiklus, was van voertuie of spoel van toilette gebruik word nie) hou die laagste risiko vir plante in. Indien jy dit apart van die algemene water kan opvang, gebruik dit verkieslik in die tuin.<br>• Lei net goed gevestigde plante met gryswater nat en monitor dit vir tekens van stres (bv. of dit geel, verlep of gespikkeld lyk). Gebruik liewer alternatiewe water (bv. reënwateropvangs) vir nuwe plante.<br>• Oorweeg om plante wat gehard is teen sout, te plant indien plante stres toon nadat dit met gryswater natgelei is. |

Wees slim wanneer jy water gebruik, en help ander om ook so te maak. Gebruik hierdie handleiding om jou te help om gryswater veilig te gebruik, en gaan kyk ook na ander nuttige handleidings en inligting oor waterbeperkings, die Stad se Waterverordening en waterbesparing op **www.capetown.gov.za/thinkwater**

**Moenie wag nie: Meld gebarste pype, foutiewe meters en waterbeperkingsoortredings aan:**

- WhatsApp **060 018 1505**
- Bel **0860 103 089** (kies opsie 2: waterverwante probleme)
- SMS **31373** (maks. 160 karakters)
- E-pos **water@capetown.gov.za**
- Plaas 'n aanlyn diensversoek op **www.capetown.gov.za/servicerequests**

Nog hulpbronne en inligting oor die huidige stand van ons waterstelsel is beskikbaar op **www.capetown.gov.za/thinkwater**

Vervaardig deur die Stad Kaapstad se departement water en sanitasie.

**November 2022**

Let asseblief daarop dat hierdie dokument van tyd tot tyd bygewerk kan word. Kyk op **www.capetown.gov.za/thinkwater** vir die jongste elektroniese weergawe en laai dit gratis af.

www.capetown.gov.za/thinkwater

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.